*P.C. Potgieter*

# CALVYN OOR DIE LEIDING VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE VERKLARING VAN DIE SKRIF

ABSTRACT

Many theologians are unmistakenly reluctant to acknowledge the guidance of the Holy Spirit as a hermeneutic key in explaining Scripture. This article examines the role of the Spirit in John Calvin's exegetical method. While he firmly believed in the divine inspiration and clarity (*claritas*) of the Bible, he also recognised the total depravity of mankind. He therefore concluded that only by illuminating their minds through the Holy Spirit will human beings be able to understand the true meaning of Scripture. By investigating relevant sections of his published works, in particular those in his commentaries on Biblical passages referring to the guidance of the Holy Spirit, this article explores the way in which Calvin established and applied his *modus operandi*.

## 1. INLEIDING

Uit die omvangryke oeuvre van Johannes Calvyn se kommentare op die Bybel, sy gepubliseerde preke, verskillende traktate en wye korrespondensie, is dit duidelik dat hy hom gebonde gehou het aan bepaalde hermeneutiese beginsels. Dat sy hermeneutiek die onderwerp van omvangryke navorsing was, blyk duidelik uit verskeie publikasies wat hieroor verskyn het. Dit het my egter opgeval dat teoloë wat hulle besig gehou het met Calvyn se interpretasie van die Heilige Skrif, asook met sy siening oor die werk van die Heilige Gees, so min maak van sy verwysing na die rol van die Heilige Gees by die uitleg van die Woord van God. Selfs in die standaardwerk van Werner Krusche (*Das Wirken des Heiligen Geistes nach Calvin*) word dit byna maar net kursories vermeld. Ook in die omvattende studie van Schellong oor Calvyn se uitleg van die Sinoptiese Evangelies is daar maar net 'n terloopse verwysing na die rol van die Heilige Gees by die verklaring van die Skrif. Hy volstaan met 'n enkele opmerking:

> Gewiss, der heilige Geist allein erleuchtet die Menschen, dass sie die himmlische Berufung in der Bibel erfassen, aber zur Unterstützung unseres Studiums dieser Wahrheit gibt Gott auch Hilfe durch Aufleger der Schrift, die zeigen, worum es in ihr geht: dass sie das Instrument ist, durch das die himmlische Erbschaft uns verbürgt wird (Schellong 1969:21).

*Prof. P.C. Potgieter, Navorsingsgenoot, Departement Dogmatologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat.*

Dit is asof teoloë wegskram van die gedagte dat die leiding van die Heilige Gees 'n wetenskaplik-verantwoorde hermeneutiese beginsel kan wees. Dit is egter so dat daar geen teologie moontlik is sonder bepaalde geloofspremisse nie. In die gereformeerde teologie is die erkenning van die bestaan van God, die aanvaarding van die Heilige Skrif as die Woord van God en die *testimonium Spiritus Sancti internum* vry algemeen as sodanige geloofsvertrekpunte erken. Dergelike premisse het egter van tyd tot tyd — en in die huidige teologiese diskussie, weer eens — onder skoot gekom. Dit is dus nodig om vas te stel hoeveel waarde Calvyn bereid was om aan die leiding van die Gees by Skrifuitleg te heg, en met watter argumente hy sy siening kon staaf. In 'n referaat oor Calvyn se hermeneutiek, kom Floor, trouens, presies tot dié gevolgtrekking:

> In our day, in which the Holy Spirit has been driven out from the place where the exegete labours, and where we have an over-appreciation of the role of language, of the word, an over-emphasized belief in methods, it has become essential to re-orient ourselves in following Calvin — to re-orient ourselves towards the person and the working of the Holy Spirit in hermeneutics (Floor 1982:190).

'n Eensydige nadruk op geselekteerde hermeneutiese beginsels kan selfs die verligtende werk van die Heilige Gees ignoreer. Mickelsen meen dat die vrees nie heeltemal ongegrond is nie dat baie eksegete die Bybel bloot op 'n meganiese, rasionalistiese wyse wil benader (Mickelsen 1963:4). As daar egter onderskei word tussen 'n rasionele en 'n rasionalistiese, asook tussen 'n spiritualistiese en 'n spirituele benadering tot Skrifverklaring, word 'n sinvolle teologiese diskussie goed moontlik. Ná 'n vry breedvoerige bespreking van Calvyn se siening, kom Frame tot die gevolgtrekking dat

> there is no competition between the rationality of Scriptures and the witness of the Spirit. We do not need to make the case for Scripture somehow irrational or inadequate in order to do justice to the Spirit's testimony (Frame 1986:234).

Karl Barth wys volkome tereg daarop dat die gereformeerde Protestanisme voor alles begin het deur die vasstelling van die Skrifgesag.

> In seiner brennenden Frage, wie er Gott, dem wahren Gott die Ehre, aber hier und jetzt die Ehre geben kann, erhebt der Mensch seinen Blick hinaus über den ganzen sorgfältig errichteten Stufenbau der Autoritäten des Mittelalters, bis er zur Ruhe kommt bei den kanonischen Schriften der Urzeit der christlichen Ära (Barth 1922:524).

Hy benadruk vervolgens ook dat die verhouding tot die Bybel 'n lewende verhouding is. "Die Quelle fließt nicht ohne weiteres, sie muß *erschlossen*, ihr Wasser [muß] *gefaßt* werden" (Barth 1922:525). Daarom is uitleg 'n saak van die oop-

maak van gedagtes van die skrywer (*mentem scriptoris*, CO 10, 403) waardeur daar tot die werklike bedoeling deurgedring kan word (Barth 1995:393).

In sy toewydingsbrief by sy kommentaar op Romeine aan Simon Grynaeus raak Calvyn aan sekere uitlegbeginsels wat hyself toepas by die verklaring van die Bybel. Wat homself betref, sê hy, gee hy voorkeur aan deursigtige bondigheid (*perspicua brevitate*). Teenoor diegene wat die Skrif met groot omhaal van woorde uitlê, kan hy hom nie laat wegbeweeg van sy liefde vir wat saaklik is nie (*ego tamen dimoveri non possum ab amore compendii*, CO 10, 403). Deur die boodskap van die Skrif nie met eie opinies te vermeng nie, wou hy gehoorsaam bly aan sy opdrag as eksegeet — klaarblyklik wat hy bedoel met die stelling in die Institusie dat alle ware kennis van God uit gehoorsaamheid gebore word (*omnis recta cognitio Dei ab obedientia nascitur*, Inst. 1.6.2, CO 2,54v.).

Barth vat dit besonder goed saam as hy treffend so van Calvyn skryf:

> Er hat sich seiner Lebtage damit begnügen müssen, auszulegen, allerdings sofort vorstoßend zu der Aktualität und Allgemeingultigkeit der behandelten Texte, immer mit der Hauptsache beschäftigt und insofern nie ganz ohne das Pathos, das sich bei solcher *sachlichen, inhaltlichen* Tendenz unter Ausschluss aller *anderen* Tendenzen unvermeidlich einzustellen pflegt, aber zunächt immer ganz nüchtern, über das Buch gebeugt, ohne den Ausspruch, irgend etwas zu bringen und zu vertreten zu haben als eben das, was dasteht, in zeiner ganzen Gewichtlichkeit und Konsequenz (Barth 1922:350).

Oor die Heilige Skrif as primêre bron vir die teologie was daar by Calvyn geen twyfel nie. Veenhof stel dit, trouens, as ’n grondliggende vertrekpunt van sy Skrifhantering.

> De grondregel van Calvijns theologie is: Gelovig aanvaarden, sonder bewijs, alles wat de Schrift leert, sonder daar iets aan toe te voegen of daarvan af te doen en nederig te zwijgen waar ook de Schrift zwijgt over de geheime wijsheid van God (Veenhof 1965:72).

## 2. WOORD EN SKOPUS

Calvyn se uitgangspunt was konsekwent dat die Bybel die Woord van God is. Daar kan geen twyfel bestaan nie dat hy die hele Heilige Skrif onvoorwaardelik as die eie Woord van God aanvaar het. In die sesde en sewende hoofstukke van die 1559 Institusie Boek 1 stel hy dit telkens duidelik genoeg dat God in persoon daarin tot ons spreek (vgl. Inst. 1.7.4).[1] So bevestig Veenhof dit ook:

1 *Itaque summa scripturae probatio passim a Dei loquentis persona sumitur* (CO 2,58).

> De Schrift die in zichzelf (*in se*) onafhankelijk van alle mensen tot wie zij komt en van alle menselijke reacties daarop goddelijk en waarachtig is, wordt, dank zij dit getuigenis van die Heilige Geest, dat ook voor ons (*apud nos*) (Veenhof 1965:69).

In sy kommentaar op 2 Timoteus 3:16 stel Calvyn dit ondubbelsinnig dat God homself deur die openbaring van dieselfde Gees (*eiusdem Spiritus revelatione*) as outeur van die Skrif aan sy dissipels sowel as aan leraars bekend maak (*patefieri*). Dit is egter so dat God se outeurskap van die Skrif slegs sigbaar is vir diegene wat verlig is deur die Heilige Gees (*qui sunt a spiritu sancto illuminati*). Bo alles staan dus dat ons aan die Skrif dieselfde eerbied as aan God verskuldig is, omdat dit van Hom alleen afkomstig is en niks mensliks daarmee vermeng is nie (*nec quidquam humani habet admistum*, CO 52,383).

In sy goed gedokumenteerde, gepubliseerde referaat oor die hermeneutiek van Calvyn vind Rossouw die mees basiese voorveronderstelling van Calvyn se Skrifuitleg "in his explicit commitment to obey Holy Scripture as the one and only norm for true Christian faith and religion" — met ander woorde in sy belydenis van die *sola scriptura* (Rossouw 1982:151). Hy vereenselwig hom, terloops, ook met Noltensmeier se siening dat die "reformatorische Einheit" tussen Luther en Calvyn juis in hierdie belydenis geleë is (vgl. Noltensmeier 1953:1vv.).

Hermann Bauke meen dat drie duidelike wesenskenmerke van Calvyn se teologie onderskei kan word: Die eerste is 'n formeel-dialektiese rasionalisme; die tweede die verbinding van teenoorstaandes (*complexio oppositorum*); en die derde: "Es ist Calvins Biblizismus" (Bauke 1922:19). Hiermee bedoel Bauke klaarblyklik iets anders as wat tans normaalweg onder die term verstaan word; hy gebruik dit in die sin van die konsekwente beroep van Calvyn op die Heilige Skrif. Maar omdat dit waar is van feitlik alle Christelike teoloë, moet daar 'n nadere onderskeiding ten opsigte van Calvyn gemaak word, naamlik tussen materiële en formele *Biblizismus*. Eersgenoemde is die daadwerklike gebruik van Bybelse stof in die Dogmatiek. Onder formele *Biblizismus* moet egter 'n wet wat gestalte gee (*Formgestaltungsgesetz*) aan die leerstellige, verstaan word, met ander woorde die beginsel op grond waarvan die Dogmatiek (die leerstellige) die verklaring (*Darlegung*) van Bybelse stof sal wees.

> Vom Gesichtspunkte dieser Unterscheidung angesehen ist Calvin … eben in ersten Linie formaler Biblizist. Der Biblizismus ist ein Formgesetz seiner Theologie und das muss zuerst erkannt werden, wenn sein Biblizismus, wenn die Formgestaltung seiner Theologie verstanden werden soll (Bauke 1922:20).

Vir Calvyn was die oogmerk in sy kommentare sowel as in sy prediking om die werklike bedoeling van die Skrif vas te stel en dit aan sy lesers en hoorders deur te gee.

> He regarded it as the first business of an interpreter to let his author say what he does say, instead of attributing to him what we think he ought to say (Berkhof 1950:27).

Dit is inderdaad 'n wesenlike gevaar waarteen elke Skrifverklaarder en prediker moet waak. Vanuit bepaalde vooropgesette idees kan dit al te maklik gebeur dat eie sieninge — moontlik onopsetlik — aangebied word asof dit met die gesag van die Goddelike Woord beklee is. 'n Hermeneutiek van die Bybel moet noodsaaklik daarvan uitgaan dat die Bybel na sy eie bedoeling vertolk word (Coetzee 1972:132). Daarom sê Barth ook dat 'n suiwer historiese verstaan van die sin van die Skrif vir Calvyn neerkom op heeltemal geen verstaan nie (Barth 1995:389). Daarom moet dieselfde Gees wat deur die mond van die profete gespreek het, ons harte indring om ons te oortuig dat hulle getrou verkondig het wat deur God aan hulle beveel is (Inst 1.7.4).[2]

Een van die sleutelvereistes vir goeie hermeneutiek is die deeglike inagneming van die volle konteks van die Skrifgedeelte wat verklaar moet word — onder meer die historiese bepaaldheid, die kerugmatiese struktuur of gerigtheid, die soteriologiese motief, die eskatologiese gerigtheid, die kennisopenbaring en die teo-doksologiese finaliteit (Coetzee 1972:124). Hierin het Calvyn uitgemunt. Nadat hy homself vergewis het van wat in die teks self staan, het hy dit weer in die breër raamwerk herbedink en daarmee geworstel "bis die Mauer zwischen dem 1. und 16. Jahrhundert transparent wird" (Barth 1924:XI). In sy beoordeling van Calvyn se hermeneutiek maak Karl Barth ook die relevante opmerking, dat as dit reg is om na die Bybel te luister, ons (soos Calvyn) na die hele Bybel moet luister (Barth 1995:391).

In sy fokus op die teks self wou hy tot die diepste betekenins deurdring.

> Aber hinein- oder herauslesend und Beides [tuend] ist sein Augen steif auf den wircklichen Text gericht, geht er methodisch und einheitlich vor, legt er sich den Zwang auf, allen Biegungen und Wendungen des Textes wirklich zu folgen, Alles was dasteht, wirklich zur Geltung zu bringen (Barth 1922:527).

Dit is juis hierdie fokus op die teks wat aan Calvyn se eksegetiese vaardigheid 'n bepaalde onderskeidende karakter gee — besondere objektiwiteit.

> Man kann bei Calvin lernen, was es heißt sich an den Text zu halten, d.h. mit gespannter Aufmerksamkeit sich auf das konzentrieren, was dasteht. Alles Andere *ergibt* sich daraus. Aber es muß sich *daraus* ergeben. Sonst wäre ja Auslegen nicht ein wirkliches Fragen und Hörenwollen … Er hat aber auch vor der höheren [Kritik] nicht gerne Halt gemacht, die Authentie des 2. Petrus- und Judasbriefs ernstlich angezweifelt und die

2 *Idem ergo spiritus qui per os prophetarum loquutus est, in corda nostra penetret necesse est, ut persuadeat fideliter protulisse quod divinitus erat mandatum* (CO 2,59).

> Autorschaft des Paulus beim Hebräerbrief entschieden bestritten (Barth 1922:526).[3]

In Calvyn se verklaring van die Skrif was daar konsekwent die deurlopende lyn van die skopus van die Skrif — God se genadige handelinge in Christus. Hy was egter versigtig om nie geforseerde Christologiese toepassings op allerlei Ou-Testamentiese gedeeltes te maak nie.

> He firmly believed in the typical significance of much that is found in the Old Testament, but did not share the opinion of Luther that Christ should be found everywhere in Scripture … He insisted that the prophets should be interpreted in the light of historical circumstances (Berkhof 1950:27).

Frei wys daarop dat Calvyn die oordragtelike betekenis van bepaalde Skrifgedeeltes gesien het as deel van die spesifieke historiese konteks waarin die figuur ontstaan het, en dat hy dit nie gesien het as 'n model wat retrospektief toegepas word op die vroeëre konteks vanuit 'n later en gunstiger gesigspunt nie (Frei 1974:192).

Die oorkoepeling van die verbondsgedagte hou sowel die biblisisme as die legalisme in sy Skrifhantering in toom (vgl. Bijlsma 1964:191). Juis deur die beklemtoning daarvan, in eerbiedige gehoorsaamheid aan die selfgetuienis van die Skrif, sê Coetzee, is hy ook gevrywaar van die dwaling van willekeur, dualisme, historisme, biblisisme en dergelike gevare (Coetzee 1972:131). Maar die betrokkenheid van die Heilige Gees by die uitleg was steeds vir Calvyn 'n deurslaggewende faktor.

> The significant point is that both the preaching of God's Word and the inner testimony of the Holy Spirit functioned in Calvin's hermeneutics as conditions for the possibility of understanding Scripture in accordance with its scopus (Rossouw 1982:171).

Dit is egter belangrik om te verstaan dat die rol van die Heilige Gees juis nie is om die bedoeling van 'n Skrifgedeelte te verander nie, maar eerder om dit met 'n nuwe draagwydte vir nuwe omstandighede te vul.

> Thanks to the illumination of the Spirit, we see and hear speech acts for what they are — warnings, promises, commands, assertions — together with their implicit claim on our minds and hearts. In so doing, the Spirit does not alter but ministers the meaning. 'The spiritual sense is the literal sense correctly understood' (Vanhoozer 1998:413).

---

3 Die afleiding van Barth dat Calvyn die egtheid van hierdie twee briewe by wyse van hoë kritiek bevraagteken, is ongegrond. Wat hy wel doen is om ruimte te laat vir twyfel oor die outeurskap, maar oor die kanonisiteit daarvan, bestaan by hom geen twyfel nie (CO 55,441 en 485)

Vir Calvyn was die korrekte uitleg van die Skrif steeds van deurslaggewende belang. En juis omdat hy konsekwent daarteen gewaak het om die Skrif iets anders te laat sê as sy werklike bedoeling, kan daar ná vyf eeue nog met vrug van sy eksegetiese nalatenskap gebruik gemaak word. Bijlsma vat dit netjies saam:

> De exegese van Calvijn mag genoemd worden als een monument van schriftuitlegging, waarin waarheid en juistheid op harmonische wijze samengaan. Het is de wil van de Schrift zelf, dat de historische gegevens in de kader van de heilsverkondiging worden gehouden (Bijlsma 1964:245).

## 3. SONDEVAL EN VERSTAAN

In die Kategismus van Genève — wat sonder enige twyfel van die hand van Calvyn is (Potgieter 2004:149; vgl. Barth 1995:272) — word dit onomwonde gestel dat die mens vanweë sy sondige natuur nie die Skrifte reg kan verstaan sonder die illuminasie van die Heilige Gees nie. In twee opeenvolgende vrae en antwoorde word dit soos volg gestel:

> LE MINISTRE.
>
> La pouvons-nous avoir de nousmesmes, ou si elle vient de DIEU?
>
> L'ENFANT.
>
> L'Escriture nous enseigne que c'est un don singulier du sainct Esprit: et l'experience aussi le monstre.[4]
>
> LE MINISTRE.
>
> Comment?
>
> L'ENFANT.
>
> Pource que nostre entendement est trop debile pour comprendre la sagesse spirituelle de Dieu, qui nous est revolée par la Foy: et noz cueurs sont enclins à defiance, ou bien à fiance perverse, de nous, ou des creatures. Mais le sainct Esprit nous illumine, pour nous faire capables d'entendre ce qui autrement nous serait incomprehensible, et nous fortifie en certitude, seellant et imprimans les promesses de salut en noz cueurs.[5]

---

4 Bedienaar: Ontvang ons geloof uit onsself, of ontvang ons dit van God? Kind: Die Skrif leer dat dit 'n besondere gawe van God is, en ervaring bevestig dit (CO 6,45).

5 Bedienaar: Wat bedoel jy daarmee? Kind: Ons begrip is te verdorwe om die geestelike wysheid van God, wat aan ons deur geloof geopenbaar is, te verstaan en ons harte is te geneig óf tot skroom óf tot 'n perverse vertroue op onsself of op geskapenes om vanself in God berusting te vind. Maar deur sy verligting stel die Heilige Gees ons in staat om dié dinge te verstaan wat ons vermoë andersins ver te bowe sou gaan, en Hy skep in ons 'n vaste oortuiging deur die beloftes van verlossing op ons harte te beseël (CO 6,45).

Die besondere beklemtoning van die verligtende werk van die Heilige Gees as vereiste vir 'n korrekte Skrifverstaan kan by Calvyn teologies verantwoord word vanuit sy ongekwalifiseerde siening oor die mens se totale verdorwenheid (vgl. Floor 1982:186). Sonder hierdie werksaamheid van die Gees kan die lees van die Bybel tot rampspoedige resultate lei. Calvyn was ook besorg oor die neiging wat hy by sommige waargeneem het om enige skerp kante van die Woord te ontwyk. In sy kommentaar op Genesis 40 stel hy dit onomwonde dat dit deur die werking van die Heilige Gees was dat Josef die woord van God wat tot hom gekom het, aan die skinker en bakker van die Farao kon deurgee. Veral in die geval van laasgenoemde, waar dit vir die bakker niks goed ingehou het nie, stel Josef dit nogtans sonder skroom. Na aanleiding daarvan rig Calvyn dan 'n vermaning tot bedienaars van die Woord: Omdat almal daarvan hou om gevlei te word, swig baie bedienaars onder die versoeking om toe te gee aan die korrupte begeertes van die wêreld, deur die Woord van God sagter te maak as wat dit is.[6] In sy kommentaar op Handelinge 20:26 en 27 gaan hy uitvoeriger daarop in. Geen sterflike mens mag so vermetel wees (*non sumit sibi … audaciam*) om die Skrif te vermink en uitmekaar te trek sodat hy dit of dat volgens sy eie sin inkort om dinge te verdoesel (*quaedam obscuret, multa supprimat*) nie. Baie vind daar genot in om die Woord van God deur hulle eie metodes te verdraai en daarmee 'n vermenging van 'n soort filosofie met die evangelie en hulle eie versinsels te fabriseer omdat so iets meer in mense se smaak val (CO 48,466v.).

Al is dit so dat Krusche in sy werk oor die Heilige Gees by Calvyn veel meer aandag gee aan die hervormer se siening oor die rol van die Gees by die *totstandkoming* van die Skrif en dus ook aan die gevolglike gesag van die Skrif, het hy tog ook oor hierdie siening van Calvyn in verband met die noodsaak van die Heilige Gees se illuminasie 'n insiggewende opmerking gemaak:

> Die Wirkung des Heiligen Geistes auf menschlichen Verstand — die Erleuchtung — macht Erkenntnis des uns im Wort gegebenen *fidei* möglich … Des erleuchtenden Tuns des Heiligen Geistes bedarf es nicht, weil etwa das Wort dunkel wäre — das Wort ist vielmehr eine helle Leuchte -, aber es leuchtet unter Blinden … und deshalb muss zu dem leuchtenden Wort der erleuchtende Geist hinzukommen (Krusche 1957:259v.).

Dit is die Gees wat geloof aan die mens skenk, en gewoonlik is daar ook 'n noue verband tussen sy verligtende werk en gelowige aanvaarding van die Woord. Rossouw wys tereg daarop dat daar volgens Calvyn geen geloof *sine auditu* kan wees nie (Rossouw 1982:165). Calvyn verduidelik dit so: *Sed fide*

6 *Nemo est qui non cupiat sibi fieri delitias. Hinc fit ut maior pars doctorum, dum obsequi vult pravis mundi votis, verbum Dei adulteret* (CO 23,514).

*concipi non potest sine auditu, hoc est, sine intelligentia verbi Dei* [7] (CO 37, 285). Sonder geloof dra die Woord egter niks oor nie (*nihil conferrat*, vgl. Inst. 3,2,6). Hierdie siening kan egter nie konsekwent gehandhaaf word nie. Die Heilige Gees kan die Woord ook gebruik om die ongelowige tot geloof en bekering te roep (vgl. ook Rossouw 1982:167).

Krusche vat dit goed saam as hy sê: "Durch die Erleuchtung werden uns die Augen des Verstandes geöffnet, so dass sie aufnahmefähig werden für das Licht des Evangeliums" (Krusche 1957:260).

## 4. HEILIGE GEES EN WOORD

Die besondere relasie tussen die Woord van God en die Gees van God — waarna Christus pertinent verwys het (Joh. 14:26) — kom by herhaling in die werke van Calvyn aan die orde. Hy noem, trouens, ook die Heilige Skrif die skool van die Heilige Gees (Inst. 3,21,3).[8] Daarom kan Noordmans ook sê dat Calvyn na die Gees luister as hy sy aandag op die Woord rig (Noordmans 1979: 12). Selfs wanneer die Skrif binne sy konteks gelees word, bly die illuminasie van die Heilige Gees onontbeerlik vir die juiste verstaan en bedoeling van die Woord. In sy kommentaar op Esegiël 2 stel Calvyn dit onomwonde dat die profeet uitdruklik leer dat niks gebeur as iemand die Woord van God hoor totdat die Gees daarby betrokke raak nie. God werk natuurlik doelmatig deur sy eie woorde, maar "ons moet onthou dat hierdie doelmatigheid nie in die woorde self geleë is nie, maar dat dit voortkom uit die verborge werking van die Gees" (*Interea simul propheta docet, hac voce nihil fuisse effectum, donec spiritus accessit*, CO 40,61). Vanhoozer is korrek as hy Calvyn se siening skerp stel: "On the one hand the Spirit is 'mute' without the Word; on the other hand the Word is 'inactive' without the Spirit" (Vanhoozer 1998:428). Calvyn het, trouens, uitnemend daarin geslaag om naas sy besondere aandag aan die teks van die Bybel self, die inspirasie van die Skrif te paar met die illuminasie van die Heilige Gees (vgl. Mickelsen 1963:40).

Dit is rampspoedig vir die teologie as hierdie benadering van die hand gewys word as sou dit nie die toets van wetenskaplikheid slaag nie. Maar dan het dit ook weer alles te doen met die bepaalde teologiese vertrekpunt van die

---

7 Maar geloof kan nie tot stand kom sonder gehoor nie, dit is, sonder kennis van die Woord van God.

8 *Ergo, ut hac quoque in parte legitimum finem teneamus, redeundum erit ad verbum Domini, in quo habemus certam intelligentiae regulam. Est enim scriptura schola spiritus sancti, in qua ut nihil praetermissum est scitu et necessarium et utile, sic nihil docetur nisi quod scire conducat* (CO 2,681).

teoloog. Met verwysing na 1 Korintiërs 2:11[9] sien Silva tereg die beginsel dat net die Gees van God die dinge van God kan ken as die primêre vertrekpunt vir Bybelse hermeneutiek (Kaiser & Silva 1994:23).

> Der Geist lehrt vielmehr in gleicher Weise, wie Jesus gelehrt hat … Wer also im Geiste die Worte des Geistes der Wahrheit hört, dem erschliesst sich die Wahrheit (Hübner 1995:226).

Calvyn waarsku in sy kommentaar op Johannes 16:13 dat ons nie altyd genoegsaam verstaan met watter eerbied ons dit wat die Gees openbaar, moet ontvang nie (*non satis assequimur, quanta reverentia excipere deceat quae nobis revelat spiritus*, CO 47,363).

In lyn met Calvyn beklemtoon Mickelsen dat ons afhanklikheid van die Heilige Gees by die vertolking van die Skrif 'n deurlopende gebruik moet wees.

> This does not mean that the Holy Spirit will point out our interpretative faults whether we are concerned about them or not. But a dependence on the Holy Spirit and an openness to his reproof will help our faltering will power. He will help us to discipline our thinking, to carry out our task of interpretation in a way that is honoring to God (Mickelsen 1963:378).

## 5. DIE HEILIGE GEES AS VERTOLKER VAN DIE HEILIGE SKRIF

Vir Johannes Calvyn was daar geen twyfel oor die onontbeerlike rol van die Heilige Gees in die interpretasie van die Heilige Skrif nie. Hy sien die Heilige Gees as die verklaarder van die Skrif in sy volle omvang (vgl. CO 6,270), van die leer van die apostels (CO 49,344) en van die profete (CO 55,457). In sy kommentaar op 2 Petrus 1:20 sê hy uitdruklik dat die Gees, wat deur die profete gespreek het, die enigste ware verklaarder van homself is (*unicus sui interpres*, CO 55, 455). Dit beteken dat die profesieë net met vrug gelees kan word wanneer ons die gedagtes en gevoelens van die vlees van die hand wys en ons onderwerp (*subiicimus*) aan die onderrig van die Heilige Gees (CO 55,455).

In verband met die reformatoriese stelreël *Sacra Scriptura sui ipsius interpres*, stel Berkouwer — soos, trouens ook Noordmans[10] — volkome in lyn met Calvyn "dat er maar niet sprake is van een dode letter, maar van de Schrift in haar getuigenis in de hand van de Geest" (Berkouwer 1966:181).

9 Watter mens ken die verborge dinge van 'n mens behalwe die gees van die mens wat in hom is? So ook ken niemand die verborge dinge van God nie, behalwe die Gees van God (1 Kor. 2:11).

10 Vgl. Noordmans (1955:231).

> En tegelijkertijd is de verwijzing naar de Geest als “unicus interpres” niet een weg, die buiten de Heilige Schrift omgaat. Met de reformatorische regel is dan ook niet bedoeld een vanzelfsprekendheid, die tot op zekere hoogte ten opzigte van alle schrift geld … maar als een verwijzing naar het souvereine Woord en naar de Geest vanwege de oorsprong en het geheim van het getuigenis Gods, dat alleen in zijn eigen autoriteit geldt en verstaan wil worden (Berkouwer 1966:181v.).

In sy dissertasie oor Calvyn as verklaarder van die Heilige Skrif[11] verwys Professor Tholuck van Halle na die werking van ’n hoër as menslike — derhalwe ’n goddelike — Gees sigbaar in die mens, wat vir hom grondliggend was aan Calvyn se Skrifverklaringsmetodiek. Sonder ’n fundering in hierdie religieuse ervaring kan niemand ’n goeie verklaarder van die Skrif wees nie (Tholuck 1831:373v.).

Die illuminasie van die mens se verstand en insig as werksaamheid van die Gees om die Skrif te verstaan kom telkens in Calvyn se kommentare aan die orde, soos byvoorbeeld by 2 Korintiërs 4:6. Hy meen dat Paulus hier op ’n tweeledige illuminasie sinspeel: Die een is dié van die evangelie wat in die persoon van die Seun van God tot ons kom; die ander is verborge en vind in ons harte plaas. Die lig van die evangelie sou egter vergeefs op ons skyn as God nie terselfdertyd ons begripsvermoë verlig (*mentes nostra illuminaret*) deur sy Gees nie. Hy open dus ons verstaansvemoë (*nobis aperuisse oculos mentes*) sodat ons in staat is om die lig van die evangelie te ontvang (CO 50,53).

In die toewydingsbrief (23 Julie 1563) aan prins Frederick by sy kommentaar op Jeremia handel Calvyn onder meer oor die diskussie in sy tyd[12] oor waar die opgestane liggaam van Christus is, en dan by name oor sy interpretasie van Efesiërs 4:10.[13] Wat merkwaardig is, is dat hy sy siening inlei met die woorde: “Omdat ek onderrig word deur die Heilige Gees ...” (*Ego quum ex spiritu sancto didicerim ...* , CO 20,75). Die verwysing na die Heilige Gees as Leermeester kom, trouens, meermale voor in sy kommentare op verskillende Bybelboeke. By Psalm 143:10 merk hy op dat dit noodsaaklik is dat God sy leermeester moet wees, nie net deur die dooie letter nie, maar ook deur die verborge werking van die Gees.

---

11 Gepubliseer in die *Literarischer Anzeiger für Theologie und Wissenschaft*, Julie 1831, en vertaal deur Professor Woods van Andover as Addendum tot die vertaling van Calvyn se kommentaar op die Boek Josua van The Calvin Translation Society (Edinburgh, 1854)

12 Hy verwys onder meer na die siening van die pousdom, van Petrus Lombardus en Berengarius.

13 Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul.

> Daar is inderdaad drie maniere waarop Hy ons leermeester is: Hy onderrig ons deur sy Woord; Hy verlig ons verstand deur sy Gees; en graveer sy onderrig op ons harte, sodat ons met 'n ware en ernstige instemming daarmee gehoorsaam is.[14]

Christus het immers self aan die Gees die titel van Leermeester van die waarheid (*Magister veritatis*) toegeken, waaruit noodwendig volg dat ons almal se begrip onderworpe aan ydelheid en dwaling (*vanitate et mendacio*) is totdat ons inwendig deur Hom onderrig is (*donec ab eo intus simus edocti*, CO 47,329).

Calvyn lewer ook tersaaklike kommentaar op Johannes 14:25 en 26.[15] Die belofte van onderrig en verklaring deur die Heilige Gees is van groot belang vir elkeen wat die Woord hoor,

> want as ons nie meteens verstaan wat Christus sê nie, kan dit ons vermoei ... Ons moet egter begeer om onderrig te word en met aandag luister as ons in die skool van God bekwaam wil word. Ons het veral geduld (*tolerantia*) nodig totdat die Heilige Gees ons in staat stel om iets te verstaan (letterlik: oop te maak — *patefaciat*) waarvan ons dikwels gedink het dat ons dit sonder enige sin gelees of gehoor het ... As Christus getuig dat dit die spesifieke taak van die Heilige Gees is om die apostels te onderrig in wat hulle alreeds uit sy mond gehoor het, volg dit dat die prediking vergeefs en nutteloos sal wees as dit nie gepaard gaan (*accedat*) met die onderrig van die Gees nie (CO 47,334).

Hy verwys, trouens, ook in sy kommentaar op verskeie ander Skrifgedeeltes na die Heilige Gees as die volmaakte Leermeester van die waarheid (*perfectus veritatis magister*, CO 47,361) en die Gees wat ons inwendige Leermeester is (*qui interior est magister*, CO 45,817).

Waar Calvyn kommentaar lewer op Esegiël 2:1 en 2,[16] kom die noodsaak van die verligtende werk van die Heilige Gees ook duidelik aan die orde. Die profeet stel dit duidelik dat niks deur sy woorde gebeur voordat die Gees betrokke raak nie. Die effek van die woorde is nie geleë in die klank daarvan nie, maar kom voort uit die verborge werking van die Gees (*prodire ab arcano spiritus instinctu*). Omdat God altyd deur sy Gees in mense se harte werk, is

---

14 *Imo tribus modis fungitur erga nos magistri officio: quia verbo suo nos docet: deinde spiritu mentes illuminat: tertio cordibus nostris insculpit doctrinam, ut vero et serio consensu obediamus* (CO 32,404).

15 Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

16 En Hy het vir my gesê: "Mensekind, staan op jou voete, dat Ek met jou kan spreek. En die Gees het in my gekom sodra Hy met my gespreek het, en my op my voete laat staan; en ek het Hom gehoor wat met my gespreek het."

sy Woord nooit sonder vrug nie. Dit is steeds die Heilige Gees wat ons harte deurdring en ons verstand verlig (CO 40,62).

In dié verband heg Calvyn besondere waarde aan Lukas 24:45: “Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan.” Die Skrif is vir ons net betekenisvol en effektief wanneer die Gees ons verstand vorm om dit te verstaan en ons harte aan die juk daarvan onderwerp.[17] Ons moet dus afstand doen van vertroue op ons eie insig en die hemelse lig soek. Dit is deur sy Gees dat Christus ons lei om die Skrifte te verstaan (*ut spiritu suo ad intelligendam scripturam eos dirigat*, CO 45, 816). Daarom vermaan Calvyn ook uitdruklik dat ons groot eerbied (*reverentia*) moet hê vir hoe die Gees ons in die verstaan van die Woord lei (CO 47, 363).

Dit is onmiskenbaar duidelik dat die *testimonium Spiritus Sancti internum* vir Calvyn noodsaaklik is vir die regte verstaan van die Skrif. Daarom interpreteer Rossouw Calvyn so dat

> in the last instance, understanding Scripture in faith is not a human achievement, describable in terms of general epistemological or hermeneutical categories. It is a gift of God, effected by the ‘secret operation’ of the Holy Spirit in us (Rossouw 1982:169).

Dit gaan vir hom egter ook om meer as maar net vertolking en verstaan. Hy benadruk ook die aspek van sekerheid wat ’n gevolg is van die Heilige Gees se illuminerende werksaamheid.

> Die vaste oortuiging (*vera persuasio*) wat gelowiges het oor die Woord van God, oor hulle saligheid, oor die hele godsdiens kom nie uit ’n aanvoeling van die vlees, nie uit menslike of wysgerige redenasies nie, maar uit ’n bevestiging van die Gees (*ex spiritus obsignatione*) wat aan hulle gewetens so ’n sekerheid gee dat dit alle twyfel uitwis. Die fundering van die geloof sou maar broos en onstabiel wees as dit op menslike wysheid gevestig was. Omdat prediking ’n werktuig van die geloof is, maak die Heilige Gees die prediking effektief (CO 51,153).

Teenoor die onsalige raserny van soveel teenstanders — selfs binne in die kerk — skenk Christus die getuienis van sy Gees. Waar gelowiges se oortuiging op hierdie getuienis berus, sal hulle onwankelbaar vasstaan. Waar die Gees getuig, bewaar Hy ons van alle twyfel en neem Hy die vrees van bedrog weg (CO 47,353v.).

17 *Fatendum est igitur, nos modis omnibus deficere, ut coelestis doctrina non aliter utilis sit nobis vel efficax, nisi quatenus spiritus et mentes nostras ad eam intelligendam, et corda nostra ad subeundum eius iugum format* (CO 45,816).

## 6. SKRIFVERSTAAN EN PREDIKING

Dit is merkwaardig dat Calvyn meermale nadruk lê op die noodsaaklike illuminasie van die prediker deur die Gees met die oog op die gemeente wat die verkondiging moet aanhoor. Daarom sê Vanhoozer ook tereg: "It was Calvin who stressed the role of the Holy Spirit as the witness par excellence as well as the enabler of all witnessing" (Vanhoozer 1998:439; vgl. Ramm 1966:121). Vanuit sy eie bediening kan dit ook goed begryp word.

> Als prediker kent Calvijn maar een begeerte; zijn hoorders te brengen tot het preciese en zuivere verstaan van wat God in het gekozen Schriftwoord tot de gemeente zecht én van wat dat betekent in het veelkleurige leven van hen die de preek horen (Veenhof 1965:57).

As Paulus sê dat sy werk 'n bediening van die Gees is (2 Kor. 3:8), sien Calvyn 'n direkte verband met die wyse waarop die Skrif dikwels die bedienaars van die Woord beskryf: diegene wat harte bekeer, wat die verstand verlig en mense vernuwe om suiwer en heilige offers te word. Dit dui egter nie op iets wat hulle in hulle eie krag doen nie, maar wel op wat die Here deur hulle bereik. Wie ookal die bedienaar van die Woord is, dit bly die Heilige Gees wat die vuur van reiniging en liefde tot God in die harte van die hoorders laat ontbrand (CO 45,809).

In sy inleiding tot sy kommentaar op 1 Korintiërs wys Calvyn daarop dat Paulus sy eie prediking in die tweede hoofstuk as voorbeeld gebruik. In die oë van mense was dit dikwels verwerplik en selfs veragtelik, maar tog is dit deur die werking van die Gees betekenisvol gemaak (*insignis fuerat*). Daar is 'n verborge wysheid in die evangelie wat nie toeganklik is vir enige skerpsinnigheid van die intellek, nie oortuiging bring deur menslike redenasies, nie versiersels of optooisels nodig het nie; dit kom eenvoudig deur die openbaring van die Gees tot mense se verstand en word in hulle harte verseël (*una duntaxat*[18] *spiritus revelatione mentibus hominum innotescat, et cordibus obsignetur*, CO 49,300). Trouens, die hele leer van verlossing in die Skrif sou vir ons nutteloos gewees het as dit nie was dat God ons verstand deur sy Gees daartoe opgehef het nie (CO 49,341).

Waar Paulus hier handel oor die bediening van die Woord, stel Calvyn dit in sy kommentaar uitdruklik dat die leer van die evangelie op geen ander manier verstaan kan word (*non aliter posse comprehendi*) as deur die getuienis van die Heilige Gees nie (CO 49,341). En dan selfs nog duideliker: Die Gees van God, van wie die leer van die evangelie uitgaan, is sy enigste ware verklaarder om dit vir ons te ontsluit[19] (CO 49,344).

---

18 *duntaxat*: Cassel's Latin Dictionary: "exactly, according to the right measure, not more and not less."

19 *Spiritus Dei, a quo procedit evangelii doctrina, solus est verus eius interpres, qui eam nobis patefaciat*.

Die kerk het in sy bediening dus ’n besondere taak, maar ewe-eens ’n buitengewoon groot verantwoordelikheid rondom die korrekte verstaan van die Skrif. Rossouw wys daarop dat Calvyn besondere erkenning gee aan die *consensus ecclesiae* vir die verstaan van die Skrif, maar dan altyd

> provisional, subject to the test of and the possible correction by the self-interpreting Spirit. In this sense the consensus *ecclesiae* remains the goal of scriptural interpretation — a goal that has to be diligently and jointly pursued in the attitude of obedient listeners, tuned in to that which the Spirit of God seeks to impart to the church through the text of Scripture (Rossouw 1982:180).

## 7. GEVOLGTREKKING

Die ongelukkige gebrek aan erkenning van die Heilige Gees se illuminerende werksaamheid as geldige hermeneutiese sleutel by die verklaring van die Skrif — as sou dit nie wetenskaplik verantwoord wees nie — staan direk teenoor die eksegetiese werkswyse van die sestiende-eeuse hervormer en begaafde teoloog, Johannes Calvyn. Omdat hy enersyds die Bybel onvoorwaardelik as die geïnspireerde Woord van God aanvaar het, en andersyds so bewus was van die mens se totale verdorwenheid vanweë die sondeval, was dit sy vaste oortuiging dat ’n korrekte interpretasie van die Skrif ten volle afhanklik is van die verligtende werk van die Heilige Gees by die lees en aanhoor van die Woord. Sy skriftelike nalatenskap getuig deurgaans daarvan dat hy sy Skrifuitleg en die toepassing daarvan afhanklik gestel het van die inwendige verligting van die Gees.

Die eksegeet moet weet dat die Gees van God sy Leermeester en Begeleier is in sy soeke na die regte verstaan en boodskap daarvan. In kommentaar sowel as prediking was Calvyn se oogmerk konsekwent om die werklike bedoeling van die bepaalde Skrifwoord aan sy lesers en hoorders deur te gee. Daarom het hy hom ook radikaal verset teen ’n soort Skrifuitleg wat die populêre mening gevolg het, eerder as om die skerp kante van die Woord te laat spreek.

Calvyn staaf sy aanvaarding van die Gees as *unicus interpres* van die Woord op die Skrif self. Dit was dan ook die oogmerk van hierdie artikel om juis aan te toon hoe hy telkens die Skrif self as motief vir hierdie hermeneutiese vertrekpunt gebruik. Dit bring ook na sy oortuiging mee dat die verstaan van die Skrif sekerheid tot gevolg het — wat nie die geval sou wees as dit bloot op meganiese en rasionalistiese wys vertolk sou word nie.

Tot die reformatoriese stelreël *Sacra Scriptura sui ipsius interpres* sou met goeie reg toegevoeg kon word: *per Spiritus Sancti eruditionem*.

# BIBLIOGRAFIE

BARTH, K.

1922. *Die Theologie Calvins*. Zurich: Theologischer Verlag. Gesamtausgabe II, Akademische Werke, 23 (1993).

1924. *Der Römerbrief*. München: Kaiser.

1995. *The theology of John Calvin* (translated by G.W. Bromiley). Grand Rapids: Eerdmans.

BAUKE, H.

1922. *Die Probleme der Theologie Calvins*. Leipzig: Hinrichs.

BERKHOF, L.

1950. *Principles of Biblical interpretation*. Grand Rapids: Baker.

BERKOUWER, G.C.

1966. *De Heilige Schrift I*. Kampen: Kok.

BIJLSMA, R.

1960. *Schriftgezag en Schriftgebruik*. Nijkerk: Callenbach

COETZEE, C.F.C.

1972. Die skopus van die Skrif by Calvyn. Ongepubliseerde Th.M.-dissertasie. Potchefstroom: PU vir CHO.

FLOOR, L.

The hermeneutics of Calvin. In: *Calvinus Reformator*. His contribution to theology, church and society. *Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO*, F3/17, pp. 181-191.

FRAME, J.M.

1986. The Spirit and the Scriptures. In: D.A. Carson (ed.), *Hermeneutics, authority and canon* (Grand Rapids: Zondervan), pp. 213-234.

FREI, H.

1974. *The eclipse of Biblical narrative*. New Haven en London: Yale University Press.

HÜBNER, H.

1995. *Biblische Theologie als Hermeneutik*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

KAISER, C. & SILVA, M.

1994. *An introduction to Biblical hermeneutics*. Grand Rapids: Zondervan.

KRUSCHE, W.

1957. *Das Wirken des Heiligen Geistes nach Calvin*. Götingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

MICKELSEN, A.B.

1963. *Interpreting the Bible*. Grand Rapids: Eerdmans.

NOLTENSMEIER, H.

1953. *Reformatorische Einheit. Das Schriftverständnis bei Luther und Calvin*. Köln: Graz.

NOORDMANS, O.
1955. *Gestalte en Geest*. Amsterdam: Holland.

1979. *Verzamelde Werken II*. Kampen Kok.

POTGIETER, P.
2004. Calvin and other religions. *Acta Theologica* 24(1):147-167.

RAMM, B.
1966. *A handbook of contemporary theology*. Grand Rapids: Zondervan.

ROSSOUW, H.W.
1982. Calvin's hermeneutics of Holy Scripture. In: *Calvinus Reformator*. His contribution to theology, church and society. *Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO*, F3/17, pp. 149-180.

SCHELLONG, D.
1969. *Calvins Auslegung der synoptischen Evangelien*. München: Chr. Kaiser.

THOLUCK, F.
1831. Calvin as an interpreter of Holy Scriptures. Vertaling van Woods. In: Calvin Translation Society: *Commentaries on the Book of Joshua by John Calvin*, Edinburgh, 1854.

VEENHOF, C.
1965. Calvijn en de prediking. In: J. van Genderen (red.), *Zicht op Calvijn* (Amsterdam: Buiten en Schipperheijn), pp. 47-101.

VANHOOZER, K.J.
1998. *Is there a meaning in this text?* Grand Rapids: Zondervan.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Calvyn | Calvin |
| Hermeneutiek | Hermeneutics |
| Skrifverstaan | Interpretation of Scripture |
| Illuminasie | Illumination |
| Leiding van die Heilige Gees | Guidance of the Holy Spirit |